Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 2 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 7 bladsye (i–vii) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien is.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Begrotings (36 minute)	**30**			
Vraag 2: Maatskappy-ontleding (53 minute)	**44**			
Vraag 3: Versoenings (31 minute)	**26**			
TOTAAL	**100**			

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 BEGROTINGS [30 punte; 36 minute]

1.1 Die Geprojekteerde Inkomstestaat word deur die bestuur vir beplanning gebruik. Bestudeer die Geprojekteerde Inkomstestaat en verduidelik of Sindi's Boutique se plan 'n suksesvolle een is of nie.

_____

_____

(1)

1.2 Beskryf wat uiteindelik met Sindi's Boutique sal gebeur indien hulle voortgaan op die pad waarop hulle is.

_____

(1)

1.3 Die verkope het aansienlik afgeneem sedert die inperking. **Verduidelik** 'n faktor wat hiertoe kon bygedra het **in detail**.

_____

_____

_____

(2)

1.4 Watter twee strategieë kan Sindi implementeer om haar te help om haar onderneming weer winsgewend te maak indien jy die Geprojekteerde Inkomstestaat beskou?

- _____

  _____

- _____

  _____

(2)

1.5 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie 2022.

Debiteure-invorderingskedule vir Februarie 2022

	Kredietverkope	**Februarie**
Oktober	278 000	13 900
November	*	177 840
Desember	362 000	36 200
Januarie	*	*
		Moenie bereken nie

(3)

IEB Copyright © 2021

1.6 Voltooi die Kontantbegroting vir Februarie 2022. Toon die berekeninge langs die toepaslike item in die Kontantbegroting.

Kontantbegroting vir Februarie 2022

Ontvangste	Moenie bereken nie
Kontantverkope	53 004
Kontant van debiteure	Moenie bereken nie
Betalings	Moenie bereken nie
Kontantaankope van voorraad	
Betalings aan krediteure	74 100
Werknemerkoste	
Huuruitgawe	
Elektrisiteit	50 000
Ander	
Leningterugbetaling	23 000
Kontantsurplus (tekort)	(30 495)
Banksaldo aan die begin van die maand	(200 325)
Banksaldo aan die einde van die maand	(230 820)

(12)

1.7 1.7.1 Wat meet die solvensieverhouding van 'n onderneming?

(1)

1.7.2 Bereken die verwagte solvensieverhouding van Sindi's Boutique op 28 Februarie 2022.

(3)

1.8 Sindi oorweeg dit om Sindi's Boutique te sluit en vir bankrotskap (insolvensie) aansoek te doen. Dit beteken dat die hof al haar bates, ondernemingsbates sowel as persoonlike bates, sal verkoop om haar skuld te betaal. Sy oorweeg dit om daarna 'n nuwe aanlyn winkel te begin.

Bespreek een voordeel en een nadeel daarvan om haar winkel oop te hou of bankrotskap te verklaar, dit te sluit en aanlyn te begin. Adviseer Sindi oor wat sy moet doen en verduidelik dan die hoofrede vir jou advies.

Die voordeel daarvan om die winkel oop te hou mag nie dieselfde rede wees wat gegee word vir die nadeel daarvan om die winkel te sluit nie. Jy mag nie jou redes herhaal nie.

Hou haar winkel oop:

Voordeel: _____

_____

Nadeel: _____

_____

Sluit haar winkel, verklaar bankrotskap en begin aanlyn:

Voordeel: _____

_____

Nadeel: _____

_____

Jou advies en verduideliking:

_____

_____

_____

_____

_____

(5)

30

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [44 punte; 53 minute]

Bestudeer die inligting wat vir Dis-Chem Ltd en Clicks Ltd gegee word en beantwoord dan die volgende vrae:

2.1 2.1.1 Beide Dis-Chem en Clicks verdien inkomste uit reklame namens ander maatskappye. Dit word in "Ander inkomste" opgeteken. Verduidelik deur 'n berekening te doen watter maatskappy die effektiefste was om ander inkomste in 2020 te verdien.

Dis-Chem / Clicks?

(2)

2.1.2 Ontleed watter maatskappy die winsgewendste was. Motiveer jou antwoord met vier punte.

Dis-Chem / Clicks?

(4)

2.1.3 Die meeste maatskappye se winsgewendheid het gedurende 2020 aansienlik gedaal. Verduidelik die moontlike rede waarom **Clicks** se winsgewendheid gedurende hierdie tyd toegeneem het.

(2)

IEB Copyright © 2021

2.2 2.2.1 Bereken die getal dae se voorraad voorhande vir **Dis-Chem** vir 2020.

(3)

2.2.2 Verduidelik hoe die verkoop van gesondheidsvoedsel die getal dae se voorraad voorhande van **Dis-Chem** sal beïnvloed. (Sal dit die tydperk langer of korter maak en waarom?)

Langer / Korter?

_____

Waarom? _____

_____

_____

_____

(2)

2.2.3 Som **Clicks** se likiditeit op deur drie **gedetailleerde** punte neer te skryf. Skryf 'n gevolgtrekking wat aandui of hulle hul huidige skuld sal kan afbetaal.

- _____

  _____

- _____

  _____

- _____

  _____

Gevolgtrekking: _____

_____

(7)

IEB Copyright © 2021

2.3 Dis-Chem se doel is om hul bedrywighede met 18 nuwe winkels per jaar uit te brei. Hulle verwag dat hierdie uitbreiding in die volgende finansiële jaar R370 miljoen sal kos.

2.3.1 Noem twee nadele vir **Dis-Chem** indien hulle meer aandele uitreik om hul uitbreiding te finansier.

- _____

  _____

- _____

  _____

(2)

2.3.2 Bereken wat die nuwe skuld–ekwiteit-verhouding sal wees indien **Dis-Chem** hul lening met R370 miljoen verhoog.

R'000

(3)

2.3.3 Bespreek of **Dis-Chem** die nuwe winkels moet finansier deur hul lening te verhoog of deur meer aandele uit te reik. Jy moet drie punte in jou antwoord bespreek.

Lening / Nuwe aandele?

- _____

  _____

- _____

  _____

- _____

  _____

(3)

2.4 Bestudeer die aandele-inligting en ekwiteit en beantwoord dan die volgende vrae:

2.4.1 Bereken die netto batewaarde vir **Dis-Chem** vir 2020.

(3)

2.4.2 **Dis-Chem** se aandelewaarde het aansienlik toegeneem toe hulle aan die einde van 2016 op die JSE genoteer het (dit het byna verdubbel), maar sedertdien het dit net gedaal. Verduidelik 'n waarskynlike rede waarom die aandeleprys sedertdien net gedaal het.

_____

_____

(1)

2.4.3 Noem twee redes waarom Clicks se VPA baie groter is as dié van Dis-Chem.

- _____
- _____

(2)

2.4.4 **Dis-Chem** het besluit om nie finale dividende op 31 Augustus te verklaar nie om kontantvloei te bewaar. Verduidelik 'n punt wat hierdie besluit **ondersteun**.

_____

_____

(1)

2.5 Indien jy R10 000 het om aan **óf** Dis-Chem-aandele **óf** Clicks-aandele te bestee, wat sal jy koop? Bespreek drie faktore wat jou tot hierdie besluit gelei het.

Dis-Chem / Clicks?

- _____

  _____

- _____

  _____

- _____

  _____

(3)

IEB Copyright © 2021

2.6 Bespreek hoe die King-kode Dis-Chem se besluit om die prys van gesigmaskers met so 'n groot bedrag te verhoog moes beïnvloed het.

(2)

2.7 Dis-Chem is deur die Mededingingstribunaal skuldig bevind en met R1,2 miljoen beboet. Die Mededingingskommissie wou hulle oorspronklik met 10% van hul verkope beboet.

2.7.1 Dink jy dit sou vir die Mededingingstribunaal eties korrek gewees het om Dis-Chem met 10% van hul verkope te beboet? Verduidelik jou rede.

Ja / Nee

(2)

2.7.2 Bespreek die finansiële impak op Dis-Chem indien hul boete 10% van hul verkope sou wees. Verduidelik hoe dit hul Staat van Finansiële Posisie (die Balansstaat) sou beïnvloed.

(2)

44

VRAAG 3 VERSOENINGS [26 punte; 31 minute]

3.1 Vul die ouderdomsontleding in soos dit aan die onderkant van Fun Fitness se staat van Muscle Machines sal verskyn. Ignoreer alle foute en weglatings en gebruik **slegs** die syfers wat in die staat gegee word. Toon al die syfers wat in elke blok moet verskyn. Jy hoef nie elke blok op te tel nie.

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig

(6)

3.2 Jay het besluit om Muscle Machines as sy verskaffer te hou selfs al het Fun Fitness nie altyd die kontantvloei om binne 30 dae van staat te kan betaal nie. Ontleed of Jay die regte besluit geneem het. Gebruik syfers of berekeninge in jou ontleding.

(3)

3.3 Bereken die gemiddelde getal dae wat Fun Fitness neem om Muscle Machines te betaal.

(4)

IEB Copyright © 2021

3.4 Bereken die persentasie korting wat Muscle Machines aan Fun Fitness gegee het toe hulle betaal het. Lewer kommentaar daaroor of dit finansieel 'n goeie besluit was om aan Fun Fitness korting te verleen.

Korting:

(2)

3.5 Versoen die staat wat van Muscle Machines ontvang is met hul rekening in die Krediteuregrootboek van Fun Fitness. Toon die bedrae wat op die Krediteure-versoeningstaat moet verskyn en die bedrae wat in die Krediteuregrootboekrekening ingeskryf moet word.

	Krediteure-versoeningstaat	Krediteure-grootboek
Foutiewe saldo	190 730	152 760
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
	Moenie bereken nie	Moenie bereken nie

(6)

3.6 3.6.1 Verduidelik die vernaamste verskil tussen die werk wat die interne ouditeur doen en die werk wat 'n eksterne ouditeur doen.

(2)

3.6.2 Eksterne ouditeure is veronderstel om 'n objektiewe oudit aan te bied. Verduidelik wat dit beteken.

_____

_____

_____

(1)

3.6.3 Bespreek twee prosesse waarna 'n interne ouditeur moet kyk wanneer krediteure geouditeer word.

- _____

  _____

  _____

- _____

  _____

  _____

(2)

26

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021